PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **4 FEBRUARIE 2014**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br><br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Wally Fraser, Walter Fraser, Fanie Hattingh, Eddie Bronkhorst, Paul Vorster, Wouter Chalmers, Callie Mouton, Lourens Erasmus, Nico Wepener, Wally Goosen, | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>Wouter Chalmers word sterkte toegewens met `n rugoperasie. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br><br>Geen korrespondensie is ontvang. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | | |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 5 November 2013. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | 2.3. Derde sin, verander "doe" na "die". | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Johan Meiring | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Patric Meyer | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | 2.3. Wit BJV Plakkers | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat al die banke op die 100m baan nou voltooi is. Die skadunet op die 50m baan sal die komende week voltooi wees. Die 200m baan is slegs beskikbaar vir gebruik onder toesig. Wessie is aangestel as toesighouer by die skietbaan. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings | |
| | Rudi lees die name van nuwe aansoekers af. Geen besware is uit die vergadering geopper nie. Die lys met name word aan die notule geheg. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.3 PMP Groeperingskiet – 15 Maart 2014 | |
| | Rudi noem dat `n vereniging in 2013 meer as 400 teikens moes verkoop om in 2014 weer in aanmerking te kom om die kompetisie aan te bied. Pietersburg het dit reggekry. Om die standaard hoog te hou word hulp gevra tydens die dag en voor die tyd met die opsit van advertensies. Rudi noem dat `n advertensie in die koerant baie duur is. Hannes Cilliers sal met Rudi skakel i.v.m. die plasing van promosie artikels. Bertus Visagie borg R1000.00 vir advertensie kostes. SMS'e sal weekliks uitgestuur word aan lede. Rudi noem ook dat Arms for Africa Blaser gewere gaan demonstreer. | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.9.4 Almanak 2014<br><br>Rudi rapporteer dat die almanakke beskikbaar is. `n SMS is aan lede gestuur waarin gevra is dat lede wat wil hê die almanak moet aan hulle gepos word met Debbie skakel. Daar was min belangstelling. Rudi noem dat tot 40% van pos wat in die verlede gestuur was terug gekom het omdat die adresse nie reg is nie. Lede moet asseblief hulle besonderhede nagaan en opdateer. Die almanakke is beskikbaar na die vergadering en by Debbie. | Rudi Myburgh |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 Baanbeampte kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n datum nog nie gefinaliseer is nie. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. | Stan Rodgers |
| | 1.10.2 Chasa kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n datum nog nie gefinaliseer is nie. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. | Stan Rodgers |
| | 1.10.3 Junior Opleiding<br><br>Rudi rapporteer dat `n Junior kursus vir die winter vakansie beplan word. Lede wat belangstel kan hulle kinders se name by Debbie opgee. | Stan Rodgers |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur. | Toegewyde Jagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke die afgelope maand was nie. | Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Ben Redelinghuys lewer die finansiële verslag. Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg. | BRedelinghuys |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1. Algemeen<br>Rudi bedank Jaco vir die werk gedurende die skietdag in Januarie. Rudi vra ook weer vir hulp by die stalletjie tydens skietdae. Soos met enige ander werk wat lede doen tydens skietdae kry hulle afslag op ledegelde vir elke drie ure wat hulle werk.<br>Rudi nooi almal om na die vergadering te kom saam eet. Die tak betaal R30.00 en die lid die res van die rekening. | Almal |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Skietdag (Terugvoer) – 18 Januarie 2014<br>Rudi rapporteer dat die dag `n sukses was.<br>1.14.2 Skietdag – 15 Februarie 2014<br>Rudi noem dat die dag se kompetisie `n Chasa Posliga kompetisie sal wees. Daar sal ook weer .22 en haelgeweer bane wees. | Rudi Myburgh<br>Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Arms for Africa - Blaser**<br>Soos reeds genoem hou Arms for Africa tydens die PMP skietdag `n Blaser demonstrasie. Lede kan met die gewere skiet. Skuts betaal net vir die ammunisie wat hulle gebruik. | Almal |
| **2.2** | **Top 10 Skut van die Jaar kompetisie**<br>Rudi rapporteer dat Waterberg so `n kompetisie begin het. Dit vervang nie die Skut van die Jaar kompetisie nie. Dit werk as volg; na `n skietdag word daar `n sirkel teiken op 300m opgestel. Skuts skiet dan 3 skote van die bank af op die teiken. Daarna word daar 3 skote van 200m af uit die sit of lê posisie geskiet en dan weer 3 skote op 100m uit die vuis uit. Punte word opgetel en geakumuleer om dan aan die einde van die jaar die 10 wenners te kry wat dan elkeen `n sertifikaat ontvang. Die vergadering gee hul goedkeuring vir so `n kompetisie. | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.3 | **Skut van die Jaar kompetisie**<br><br>Rudi rapporteer dat die Skut van die Jaar kompetisie weer aangebied word die jaar. Die skietdae program is op die webwerf beskikbaar. Om te kwalifiseer vir die Skut van die Jaar moet `n skut aan minstens vier van die genomineerde kompetisies deelneem, waarvan een die Rondomtalie skiet moet wees. Indien daar aan meer as vier kompetisies deelgeneem word, word die vier beste uitslae geneem vir die kompetisie. Daar is weer `n mans, vroue en kinder afdeling. | Rudi Myburgh |
| 2.4 | **Betrokkenheid by bewaring**<br><br>Rudi rapporteer dat die Vereniging tydens 2013 by geen bewarings aksies betrokke was nie. Tydens die Bosberaad is daar versoek dat takke in hulle omgewings betrokke moet raak. Theo Kotze stel voor dat Pietersburg tak die Crown rehabilitasie sentrum ondersteun. Hulle rehabiliteer vergiftigde voëls. Theo sal met Rudi sakel. | Rudi Myburgh<br>Theo Kotze |
| 2.5 | **Wit BJV Plakkers**<br><br>Rudi sal navraag doen by Debbie rakende die beskikbaarheid van wit BJV plakkers. | Rudi Myburgh |

## 3. ALGEMEEN
## GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING
## NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 4 Maart 2014 om 18:00 in die saal. | |

## 5. AFSLUITING
## CLOSING

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering waarna Andrè de Lange met `n gebed afsluit. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum